## Week 2:




## "Ek is die lig vir die wêreld..."

## WORD SOOS JESUS...

## VOLG JESUS...

### Johannes 8:1-12, 1:1-5

### Inleiding

Praat oor lig! Lys soveel as moontlike eienskappe van lig.

Watter eienskap van lig is vir jou die beste en waarom?

### Luister na die Woord

❶ ***Laat een person in die groep die gedeelte lees* – Johannes 1:1-5, 8:1-11.** Die res van die groep luister in stilte na die gedeelte wat vir jou gelees word.

- Johannes 8 begin en vertel die verhaal van die vrou wat op heterdaad betrap is (*bid jou aan… het hulle vir haar gewag!*) en Jesus wat haar op 'n ander, onverwagte manier hanteer.

- Was jy al in 'n situasie waar jy op heterdaad betrap is as jy iets verkeerd gedoen het… of waar jy uitgevang is? Natuurlik voel 'n mens skuldig of skaam, of selfs in party gevalle kwaad en hartseer, omgekrap en teleurgesteld. Alles emosies wat hierdie vrou dalk moes ervaar het. Jesus doen 'n paar goed. Kyk weer na v 6-11.

**Hy wag** – *skryf in die grond, stadig om te oordeel*
**Hy challenge** die aanklaers met hul eie **foute**, onvolmaaktheid, sonde – *konsekwent*
**Hy oordeel nie**
**Hy challenge haar om ander keuses uit te maak**

❶ **Lees nou Johannes 8:12**

- Wat dink julle beteken Jesus se verklaring dat Hy die lig is:
  - vir hierdie vrou…
  - en vir die Fariseërs wat haar aankla…
  - en vir ons wat hierdie storie lees?

- Gaan kyk weer na julle lysie hierbo oor die **eienskappe van lig**. Hoe is Jesus dit?

- Jesus sê **dat sy lig die duisternis uitdryf (8:12, 1:5).** Elke mens se duisternis lyk anders. Gewoonlik assosieer ons duisternis met sonde. Watter impak of effek het sonde wat maak

dat ons dit assosieer met duisternis?

- Maar duisternis kan ook na baie ander sake in ons lewens verwys. Dit is enige iets wat maak dat Jesus se lig nie gesien word nie. Maw duisternis kan iets wees soos goed waaroor jy worry… of dit wat jou tyd steel… of natuurlik sonde… of 'n ingesteldheid wat nie goed is nie (*soos die Fariseërs hier wat maklik oordeel)* – enige iets wat keer dat sy lig in jou lewe skyn. Wat is jou duisternis? Of in ander woorde, wat keer Jesus se lig in jou lewe?

- Daar is 2 belangrike vrae wat ons moet antwoord: **(1) Hoe kry ons die lig in ons lewens in?**

  Wat sê **v 11**?

  En **v 12**?

  Watter belofte is daar in **Joh 1:4-5?**

- En **(2) Help mekaar weer met die vraag: Hoe gaan hierdie gedeelte ons help om soos Jesus te word?**

  Hoe kan ons vir ander lig wees?

  Hoe kan ons keer dat Jesus se lig in ons lewens uitgedoof word?

**Sluit hierdie Bybelstudie af deur vir mekaar te bid.**